



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2021**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

---

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal wat jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloediagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Trek 'n streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd só:
- |             |           |
|-------------|-----------|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |
8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit op die vraestel genummer is.
9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.
10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL****VRAAG 1**

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

- 1.1 Ons lewe in baie onsekere tye, maar ons is hoopvol. **[50]**
- 1.2 Ek het 'n beurs vir my studies gewen! **[50]**
- 1.3 Ek mis ons vakansies by die see. **[50]**
- 1.4 My liggaam, my keuse ... **[50]**
- 1.5 Kan ons land bekostig om nog lewens aan COVID-19 te verloor? **[50]**
- 1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daarvoor. Skryf die vraagnommer (byvoorbeeld. 1.6.1) en die titel van die opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.


1.6.1



[Bron: Pinterest 2021]

**[50]**


1.6.2



[Bron: Pinterest 2021]

[50]

1.6.3



[Bron: Google Images 2021]

[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS****VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

**2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy voel die afgelope tyd nie lekker oor hoe dinge by julle huis is nie. Die situasie maak dat jy baie stres ervaar.

Skryf 'n vriendskaplike brief aan jou broer/suster waarin jy hom/haar vertel wat jou pla.

**[30]****2.2 HULDEBLYK**

Jou gunstelingonderwyser(es) tree af en die skool hou 'n byeenkoms waar die leerlinge van hom/haar afskeid neem. Jy is gevra om namens die leerlinge 'n huldeblyk te doen om hom/haar te vereer.

Skryf die HULDEBLYK neer.

**[30]****2.3 KOERANTARTIKEL**

Daar is talle vermiste kinders in jul omgewing. Die probleem ruk handuit en daar moet opgetree word.

Skryf 'n KOERANTARTIKEL waarin jy die probleem van vermiste kinders aanspreek.

**[30]****2.4 ONDERHOUD**

Een van jou gunsteling-Instagram-sterre besoek julle stad. Jy moet 'n onderhoud met hom/haar voer om uit te vind wat sy/haar planne vir die volgende jaar is.

Skryf die ONDERHOUD in dialoogvorm neer.

**[30]****TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS****VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

**3.1 PLAKKAAT**

Ontwerp 'n pamflet waarin jy VYF (5) **moets en moenies** oor hoe om tydens die pandemie in die openbaar op te tree, demonstreer.

Ontwerp die PLAKKAAT.

[20]

**3.2 DAGBOEKINSKRYWING**

Jy kon na die inperking uiteindelik die buiteland besoek. Jy is op pad na een van jou gunsteling lande.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die dag van jou vertrek
- Die dag toe jy daar aankom

[20]

**3.3 AANWYSINGS**

Die nuwe graad-8 ouers besoek die skool en jy is een van die leerders wat die ouers die skool moet wys.

Gee aanwysings na SEWE (7) plekke by julle skool waarin jy dink die ouers sal belangstel.

Skryf die aanwysings puntsgewys neer.

[20]

**TOTAAL AFDELING C: 20**  
**GROOTTOTAAL: 100**